# WENKE VIR DIE AANBIEDING VAN DIE GESKIEDENIS VAN INHEEMSE VOLKE*

*L.F. Punt*
*Hoërskool Tygerberg*

---

Daar is geen ander vak wat tans soveel aandag kry as juis Geskiedenis nie. Van alle kante word daar eise aan dié vak gestel. Een van hierdie eise is dat daar meer aandag aan die Geskiedenis van inheemse volke in die leerplanne gegee moet word, wat in nuwe sillabusse stellig sal gebeur.

Tans word die vroeë geskiedenis van inheemse volke in die sts. 6, 7 en 8 leerplanne ingesluit. Sommige onderwysers skram weg van hierdie hoofstukke omdat die name van leiers en stamme somtyds verwarrend en vir leerlinge moeilik hanteerbaar is.

Olivier het alreeds in 1983 daarop gewys dat Geskiedenis nie net die vaslegging van feite is nie. Geskiedenis het te doen met leerlingbetrokkenheid, selfontdekking, begrip en basiese historiese vaardighede. (Olivier, 1983: 202).

Inheemse geskiedenis kan suksesvol deur die sogenaamde "vaardigheidsbenadering" aangebied word. Tradisioneel moes leerlinge net leiers, stamme ens. se name bemeester, maar tans word veel meer van hulle verwag.

'n Vaardigheid kan gedefinieer word as 'n bekwaamheid, handigheid of bedrewenheid. 'n Historiese vaardigheid het dus te make met die aard van Geskiedenis as wetenskap. (Broodryk, 1994: 2).

Deur in 'n mate self die taak van die historikus te onderneem om met die oorblyfsels van die verlede om te gaan (bronne te hanteer, te ontdek, te analiseer, te vergelyk ens.), so word beweer, doen die leerling genoegsame historiese kennis op. (Broodryk, 1994: 3). Veral die onderrig van Inheemse Geskiedenis kan hierby baat. Die beperkinge is egter dat vaardighede oorbeklemtoon kan word en dat leerinhoude genegeer kan word. (Booth, 1992: 4). Die klem moet dus lê op selfontdek. 'n Vereiste sal wees dat geskiedenis-onderwysers in hulp opleiding tot 'n nuwe benadering gelei moet word.

Bronnestudie by die aanbied van Inheemse Geskiedenis is beperk. Daar moet egter in gedagte gehou word dat leerlinge ook van die volgende bronne gebruik kan maak om self te "ontdek":

i) **Mondelinge oorleweringe:** Die verhaal van gebeure soos deur verskillende geslagte oorvertel.

ii) **Rituele en Rites:** Religieuse gebruike soos met huwelike of dood.

iii) **Simbolisme:** Gebeure van 'n streng seremoniele aard.

iv) **Patrone van akkulturasie:** Die opneem van sekere westerse gewoontes in hul kultuur. (Dit werk natuurlik ook omgekeerd, nl. opneem van inheemse gebruike by die Westerse kultuur.) (Kekana, 1994: 10-11).

## I DIE VAARDIGHEIDSBENADERING

Vir die doel van hierdie bespreking word die Mfecane kortliks as tema behandel word. Die Mfecane is vir jare aan veral die Afrikaanse student en skolier voorgehou as 'n onveranderlike tema; 'n ontvolkte binneland wat meegewerk het tot die sukses van die trekbeweging van 1836. Sodoende het die leerling ook 'n beeld van hierdié uitwissingsproses in die binneland verkry. (Van Aswegen, 1994: 1). Gedurende die 1980's het historici soos Eldredge en Cobbing die Mfecane-episode geherinterpreteer. Eldredge het getoon dat ander faktore soos die tekort aan ivoor, droogtes, slawehandel en hongersnood ook 'n rol gespeel het in die ontvolking van die Suid-Afrikaanse binneland gedurende die twintiger en dergtiger jare van die vorige eeu. (Eldredge, 1992: 29, 33). Volgens Cobbing is die Mfecane 'n mite. Hy verklaar dat dit nooit plaasgevind het nie. Dit is nie deur Shaka

*Referaat gelewer tydens die Vyfde Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig, Wellington, 1 Oktober 1994)

veroorsaak nie en 'n ontvolkte "hoefyster" in die binneland het nooit bestaan nie. Dié begrip is deur die blankes (kapitaliste) gebruik om die besit en verkryging van Swart grond en arbeid te regverdig. (Cobbing, 1988: 1-4).

Vir die geskiedenisonderwyser bied die Mfecane soos ook ander temas, 'n ideale geleentheid om reeds genoemde historiese vaardighede vas te lê.

I Hy kan die leerlinge bekendstel met die **Twee Leerskole**, die sogenaamde Mfecane en anti-Mfecane leerskole. Die leerlinge kan gevra word om met die inligting tot hulle beskikking hierdié twee denkrigtings te vergelyk soos in die onderstaande tabel van Jeff Mathews (Mathews, 1992: 25).

**TABLE OF TWO THEORIES**

| THE 'MFECANE' THEORY | ANTI-'MFECANE' THEORY |
|---|---|
| ZULU-CENTRIC EXPLOSION | DEFENSIVE REACTION TO OUTSIDE INFLUENCES |
| FOCUS ON PHONGOLO-THUKELA REGION | EXAMINES EVENTS THROUGHOUT SOUTHERN AFRICA |
| LIMITED ANALYSIS OF TRADE | TRADE THROUGHOUT SOUTHERN AFRICA MAJOR FACTOR IN UNREST |
| CONCENTRATES ON LIMITED TIME-SCALE | EXAMINES PERIOD WELL BEFORE SHAKA'S TIME |
| SLAVERY LARGELY IGNORED | SLAVERY SEEN AS A MAJOR FACTOR |
| TENDS TO FOCUS MAINLY ON SHAKA AND OTHER 'GREAT MEN' - SOMETIMES LOOKS AT OTHER FACTORS | EXAMINES WIDER FACTORS |

II Beide Dingiswayo en Shaka kan afsonderlik bestudeer en **vergelyk word.**

III **Bronnestudie** (SIEN AANHANGSEL A) kan vir die leerling aantoon dat historici vanuit verskillende perspektiewe en met vooringenome opvattinge die gebeure van die verlede kan weergee. Die onderwyser moet hier die vrae inlei wat vir die leerling hierdie vaardigheid ontsluit. Bloom se vraagkodering van hoë en lae orde vrae moet gebruik word. (Punt, 1990: 143, 144).

IV Nog 'n vaardigheid is die van **Empatie.** Leerlinge moet hulsef in die "skoene" van historiese figure plaas. Soms kan leerlinge geskiedenis slegs deur empatie verstaan. Let op die onderstaande aanhaling:

*"Toe Dingiswayo (die naam beteken swewer) na sy mense teruggekeer het na besoek aan die Hlubi, het hy op 'n perd gery en 'n geweer gedra. Daar was gerugte dat hy dit vanaf smouse of selfs slawe bekom het. Perde en gewere was onbekend aan die Mthethwa gedurende daardie tydperk."* (Mathews, 1994: 24).

Die volgende empatie-vrae kan as voorbeeld gestel word:

a) Wat dink jy sou die Mthethwa se gevoel oor gewere gewees het?

b) Hoe sou die gebruik van perde hul vegmetodes kon verander?

'n Klasspel kan ook gespeel word. As voorbeeld kan 'n smousspel gespeel word waarin leerlinge histories-ekonomiese vaardighede ontwikkel. Een span, die Portugese en die ander die Ndwandwe-koninkryk (die Zwide-tydperk). Die Portugese benodig 300 stuks vee, 50 olifanttande, en tiervelle. Hiervoor sal hulle klere, komberse, ringe, krale, knope en ysterpotte ruil. Onwettige ammunisie en wapens kan ook as betaalmiddel gebruik word. Leerlinge moet nou self die waardes van hierdie artikels bepaal. (Mathews, 1994: 24).

## II MODULêRE BENADERING

Modules kan self deur die onderwyser uitgewerk word. As voorbeeld kan die module in AANHANGSEL B geneem word. Dit is 'n module vir st 6-leerlinge oor die Khoisan-volke van Suidwes-Kaapland. Verskaf eers agtergrondinligting soos die verspreiding, vestigingspatrone en kultuur van dié mense.

Formuleer daarna vrae oor die betrokke module (Sien vrae by AANHANGSEL B). Vrae moet so gestruktureer wees dat leerlinge nie net kennis moet weergee nie, maar ook analiseer, vergelyk, aflei en empatie toepas. (Punt, 1990: 143-145).

Alvorens daar na verdere benaderingswyses gekyk word, is dit belangrik om te let op die korrekte spelling

van Swartname. Hier volg dan nou 'n aantal Swartname wat algemeen in die leerplanne voorkom:

*(Die verkeerde spelling word in hakies aangedui)*

Dingane (Dingaan)
Gcaleka
Hintsa
Maqoma (Macoma)
Mfecane
Mfengu (Fingoes)
Moshoeshoe (Mosjesj)
Mzilikazi (Silkaats)
Ndlambe (Slambie)
Ndebele (Matabele)
Ngqika (Gaika)
Nqeno (Eno)
Nxele (Lynx, Mabena, Makana)
Sarhili (Kreli)
Shaka (Chaka)
Thembu (Tamboekies)
Xhosa (Chosa)
Zulu (Zoeloe)

*Dit is ook gebruik om as daar na 'n stam in die meervoud verwys word, die "s" weg te laat.*

Bv. Ons praat dan van die Zulu, NIE Zulu's nie
Die Xhosa het tot die aanval oorgegaan.
Die Thembu het aan die kolonie se noordoosgrens gewoon.

## III VERDERE ONDERWYSENDE HANTERING VAN INHOUDTIPES

### A. TEMATIES

Die tematiese benadering ontsluit vir die onderwyser 'n hele aantal moontlikhede bv.

1) 'n Spesifieke stam (bv. die Zulu)

2) 'n Historiese tydperk (Somerset se bewind, die Bataafse tydperk)

Die onderwyser kan ook antropologiese inligting bywerk. Skyfies, kaarte en uitstappies kan die inhoud aanvul.

### B. VERHOUDINGS

Verhoudingsgeskiedenis kan in die toekoms 'n al hoe belangriker rol in geskiedenis-aanbieding speel. Daarom kan die onderwyser nou al met groot vrug die inhoud aan die hand van onderlinge verhoudinge aanbied. Die volgende leen hul daartoe: (Punt, 1993: 116)

1) Die onderlinge verhoudinge van leiers/ stamme. (Ngqika-Ndlambe).

2) Die verhouding met die koloniale owerhede.

3) Hoe owerheidsbeleid Swartstamme geraak het (bv. grondverliese soos die instelling van die "Neutrale Gebied" in 1819).

4) 'n Stam se rol in die sub-kontinent.

Kaarte moet in die aanbieding geraadpleeg word. Die leerlinge kan ook werkopdragte gegee word (bv. gaan stel vas hoe lord Charles Somerset se beleid jeens Ngqika en Ndlambe verskil het). (Van Jaarsveld, 1977: 168).

### C. HISTORIESE PERSOONLIKHEDE

Die bespreking van historiese persoonlikhede vereis ook 'n besondere hanteringswyse. Bekende historiese persoonlikhede wat bydraes in hul tyd gelewer het, het dikwels 'n besondere aantrekkingskrag vir leerlinge.

Die volgende moontlikhede kan benut word:

i. **Kronologies**

Deur historiese persoonlikhede te behandel soos hulle mekaar kronologies in die geskiedenis opvolg, kan 'n sinvolle beeld verkry word van gebeure en ook hoe persone van mekaar verskil of ooreengestem het. Genealogiese kaarte kan ook met groot sukses deur die onderwyser ingespan word, bv: (Van Jaarsveld, 1977: 172).

Rharhabe (d. 1782)
|
Mlawu
|
Ngqika    Ntimbo
|
Maqoma | Sandile | Tyhali | Anta | Xhoxho | Matwa | Dondashe | Tente

(Peires, 1981: 49).

ii. **Lewensverhaal**

'n Swart leier se bydrae in sy besondere situasie, kan oorgedra word in die vorm van 'n lewensverhaal. Feite wat in die verhaal ingeweef word, kan die leerlinge lei om die belangrike van die onbelangrike te onderskei.

iii. **Sentrale persoonlikhede in gebeurtenisse**

Meer lig kan op gebeure gewerp word deur die kollig op sekere persone as sentrale figure binne 'n gegewe gebeurtenis te plaas.

iv. **Historiese persoonlikhede se denke**

In die geskiedenis kom daar heelwat voorbeelde voor waar persone se denke en idees 'n invloed op die verloop van gebeure gehad het. (bv. Marx, Voltaire, Montesquieu, e.a.)

v. **Evaluerende benadering**

'n Evaluerende benadering van historiese persoonlikhede se bydraes en rol kan aan die leerling nuwe perspektiewe blootlê wat voorheen nie bestaan het nie. Dingane en Shaka kan argumentshalwe met mekaar vergelyk word. (Stuart and Pretorius, 1985: 95).

**BESLUIT**

Die aanbied van Inheemse Geskiedenis kan 'n belangrike element van die "Nuwe Geskiedenis" wees. Nie 'n geskiedenis wat onwetenskaplik aan die leerling voorgehou word nie, maar waarin verskeie vaardighede aangeleer en gekweek word.

BIBLOGRAFIE

Booth, M.B.: The assessment of school History in England, Wales en Northern Ireland (*Information,* no 13/1, 1992).

Broodryk, M.: Die Verwerwing van Historiese Vaardighede (Referaat gelewer voor die Historiese Genootskap, Stellenbosch, Jan. 1994).

Cobbing, J.: Jettisoning the Mfecane (A Paper presented at the University of the Western Cape, August, 1988).

Eldredge, E.A.: The Mfecane Reconsidered ( *The Journal of African History,* Vol 33, no 1, 1992).

Kekana, N.S.: Towards the Development of an African Philosophy of History (A Paper presented to the SA Historical Society, Stellenbosch, January, 1994).

Mathews, J. and Nisbet, J.: Historical Skills: Fact or Fiction? (Paper presented to the SA Historical Association, Stellenbosch, Jan, 1994).

Mathews, J.: The Riddle of the Mfecane (*Yesterday and Today*, No 24, October, 1992).

Olivier, J.: Geskiedenisonderrig - ook vernuwing in Suid-Afrika? (*Die Unie,* Februarie, 1983).

Omer-Cooper, J.D.: *The Zulu Aftermath.* Londen, 1966.

Peires, J.: *The house of Phalo.* Johannesburg, 1981.

Punt, L.F.: Vraagstelling in Geskiedenisonderrig (*Die Unie,* Nov, 1990).

Punt, L.F.: Die Relevansie van Geskiedenisonderrig op skoolvlak (*Die Unie,* Februarie, 1993).

Stuart, J.F. and Pretorius, F.J.: *Didactics: History in the secondary school.* Pretoria, 1985.

Van Aswegen, H.J.: Die Mfecane: Werklikheid of Mite? (Referaat gelewer voor die SA Historiese Genootskap, Stellenbosch, Januarie, 1994).

Van Jaarsveld, F.A.: *Van Riebeeck tot Vorster 1652 - 1974.* Johannesburg, 1976.

Van Jaarsveld, F.A. en Rademeyer, J.I.: *Teorie en metodiek vir Geskiedenisonderrig.* Johannesburg, 1973.

## AANHANGSEL A

UITTREKSELS UIT GESELEKTEERDE DOKUMENTE OM LEERLINGE DIE VAARDIGHEID VAN BRONNEKRITIEK AAN TE LEER. LEERLINGE MOET NA VOOROORDELE EN WANOPVATTINGS OPLET.

Prof. Omer-Cooper van die Universiteit van Zambië skryf die volgende oor die Mfecane: *"The colossal upheaval was accompanied by carnage and destruction on an appalling scale. Whole tribes were massacred and even more died in the famine and anarchy which followed in the wake of desolating hordes."* (pp. 4-5).

**Omer-Cooper, J.D.: *The Zulu Aftermath,* Londen, 1996.**

Ons vind van Voortrekkerkant heelwat verslae van verlate krale en doodsbeendere wat wyd oor die binneland aangetref is. Die trekkerleier, Andries Pretorius, het vertel dat, toe hulle die kolonie verlaat en die Oranjerivier oorgesteek het, *"vond wy steeden en dorpen der naturellen die verwoest en met doodsbeendere opgevult leggen, ja wat meer was ...* (p. 124).

**Van Jaarsveld, F.A.: *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652 - 1974* Johannesburg, 1976.**

Die onderstaande dokumente is 'n uittreksel, in die artikel: J. Mathews: The Riddle of the Mfecane; A Re-Examination of the Notion and some Ideas on how to Teach it. (*Yesterday and Today*, nr 24, Oct. 1992).

### SOURCE A

In December 1832 Nathaniel Isaacs, a young adventurer and trader, wrote to HF Fynn a fellow trader, urging him when he wrote about the Phongolo-Thukela region, to make Shake and Dingane "as bloodthirsty as you can, and endeavour to give an estimation of the number of people they have murdered during their reign ... introduce as many anecdotes relative to Chaka as you can; it all tends to swell up the work and make it interesting ... it excites a public curiosity and will tend to make the Government settle it".

*Africana Notes and News,* Vol 18, No 2, June 1968, p. 67.

### SOURCE B

Isaacs himself wrote a book about his experiences in Zululand. (L Herrman (ed), *Travels and Adventures in Eastern Africa,* 1936). His description of Shaka had a great influence on later writers such as Bryant. Read the following extract from the work of Isaacs.

"... Shaka seems to have inherited no redeeming quality. In war he was an insatiable and exterminating savage, and in peace an unrelenting an ferocious despot, who kept his subjects in awe by his monstrous executions, and who was unrestrained in his bloody designs."

J. Bird, *The Annals of Natal* Vol 1, p. 1755.

## AANHANGSEL B

### HOOFSTUK 3

**DIE HERKOMS VAN DIE KHOISAN IN SUIDELIKE AFRIKA**

'N GESKIEDENIS VAN INTERAKSIE EN GRONDTWISTE

*INLEIDING*


Die woord Khoisan bestaan uit twee name, naamlik "Khoi" en "San". Khoi word gebruik om 'n groep mense te beskryf wat bekend gestaan het as Hottentotte en hoofsaaklik *veeherders* was. Die woord San word gebruik om 'n groep mense te beskryf wat lank in die volksmond as Boesmans bekend gestaan het. Hulle was hoofsaaklik *jagter-versamelaars*. Beide hierdie twee groepe was ook nomadies en was gedurig op soek na beter jag- en weivelde.



DIE KHOIKHOI

In die afgelope tyd het geleerdes al hoe meer tot die oortuiging geraak dat die Khoikhoi-herders uit jagter-versamelaargemeenskappe (San) in Suider-Afrika ontwikkel het. Vanweë die onsekerheid oor die verwantskap van hierdie twee groepe word van die Khoisan gepraat.

Daar is twee denkskole oor die herkoms van die Kaapse Khoikhoi. Volgens die 1972 navorsing d.m.v. argeologiese getuienis, het die Khoikhoi uit die hedendaagse Botswana getrek, deur Noord-Transvaal tot by die Visrivier en later suidwaarts tot by die Kaapse skiereiland.




"Portret van Speelman, 'n Hottentot", deur W.J. Burchell. (Africana-Museum)



AANRAKING MET EUROPESE SEEVAARDERS

In 1510 is Francisco de Almeida en 50 Portugese soldate deur die Khoikhoi op die strand van Tafelbaai gedood. Tafelbaai het gedurende die 17de eeu 'n aandoenplek vir seevaarders geword. In 1601 het 'n Engelse kaptein Lancaster, 1000 skape en 42 beeste van die Khoikhoi geruil. Die Khoikhoi het hierdie mense nie as permanente inwoners beskou nie. Die agteruitgang van die Khoikhoi-stamme het eers na 1652 begin na die vestiging van die V.O.C. se halfwegstasie. Die Kompanjie wou vee bekom vir sy skepe, maar die Khoikhoi wou nie van hul vee ontslae raak nie. Wedersydse wantroue het ontstaan. Daarom het Van Riebeeck veeruil-ekspedisies na die binneland gestuur.

KHOIKHOI-STAMME AAN DIE KAAP

Die *skiereilandse* Khoikhoi het bestaan uit die Goringhaikona (strandlopers), Goringhaikwa (die oorheersende stam) en die Gorachokwa (deur die Nederlanders "Tabakdiewe" genoem). Die leier van die Goringhaikona was Aushumao ("Herrie"). Hy het sy rol as tussenganger tussen die Khoi en die Kompanjie tot sy eie voordeel benut. In 1658 is hy op advies van ander Khoi-kapteins na Robbeneiland verban. Daar was ook die *omliggende Khoikhoi-stamme* wat tot aan die Berg- en Olifantsriviere gewoon het. Die derde groep was die *binnelandse Khoikhoi* wat van die Olifantsrivier tot aan die Gariep (Oranje) gewoon het. Die Namakwa en die Attakwa was onder die groep die bekendste stamme.

INTERAKSIE MET KOLONISTE

Aanvanklik het Jan van Riebeeck streng opdrag gekry om die Khoikhoi-stamme se soewereine onafhanklikheid te

erken. Amptenare van die Kompanjie is verbied om in die interne sake van die Khoikhoi-stamme te meng. Teen die einde van die Kompanjiestyd (1795) het hierdie stiuasie baie verander. Alhoewel die Khoikhoi nog as onafhanklik beskou is, het heelwat van hulle in die praktyk onder die gesag van die wette van die kolonie geval, omdat hulle in diens van die kompanjie, vryburgers of trekboere was. Waarom het dit só gekom?


1. Die Khoi-Khoi het hulle onsuksesvol verset teen die uitbreiding van die Kaapse nedersetting. Dit het tot gewapende optrede gelei soos die oorloë van 1660 en 1673. Die Kompanjie het ook 'n verdeel en heers beleid gevolg deur kooptransaksies vir gebiede met sekere kapteins te sluit. Ander kapteins wat nie in dié transaksies geken is nie, het hulle in die onbenydenswaardige posisie bevind dat hulle hulle jag- en weivelde verloor het.
2. Die veehandel het die Khoikhoi nadelig getref deurdat hulle baie vee verloor het.
3. Die oopstelling van die binneland sedert 1700 het tot strawwe kompetisie om grond, weiveld, water en vee gelei. Die Khoikhoi was nie teen die trekboere opgewasse nie.
4. Botsings tussen kapteins oor die veehandel het die Khoikhoi onderling verswak. Hulle het dikwels gewedywer om die beste voordele uit ruiltransaksies te bekom.
5. Natuurlike rampe het die Khoikhoi se veekuddes uitgedun. Die veesiektes van 1693 en 1714 het baie Khoikhoi-gemeenskappe sonder vee gelaat.
6. Aanvalle en veediefstalle deur die San het ook stamme verarm.
7. Die latere inmenging van die Kompanjie in die stamsake, soos die aanwys van 'n kaptein, het die onafhanklikheid van die Khokhoi ondermyn.
8. Die Khoikhoi-stamme het verder verbrokkel deur Europese siektes soos die pokke-epidemie van 1717.


KHOISAN-VERSET 1700 - 1828

Die V.O.C. het na die Khoi en San verwys as "Bosjeman Hottentotten". Daar is nie tussen die twee groepe 'n onderskeid gemaak nie. Albei hierdie twee groepe het heftig gereageer om die stelselmatige besetting van die binneland deur trekboere. V.O.C.-poste, plase en grensboere is deur veral San-bendes geplunder. In 1739 is daar in die Koue Bokkeveld 400 beeste en 2400 skape van trekboere geroof. In 1754 het geweld ook aan die kolonie se noordgrens uitgebreek. Die veeboere het kommando's teen die Khoisan georganiseer om hul plundertogte teen te staan. Teen 1800 het die aanvalle teen blanke grensboere begin afneem. Baie Khoisan-lede is gedurende kommandotogte gevang en as arbeiders op plase gevestig. Dit het daartoe bygedra om hulle stamlewe verder te verbrokkel.

In 1812 is gevalle van mishandeling van Khoisan-arbeiders deur die Rondgaande hof op Uitenhage ondersoek. Dit het as die Swarte Omgang bekend gestaan. In 1799 het daar 'n "knegte-opstand" in die kolonie plaasgevind. Sommige blanke boere is deur hul "Khoisan-knegte" vermoor, terwyl baie ander hulle base verlaat het. Eers na vier jaar is gevegte gestaak en het versoening gevolg. Die "Hottentot-kodes" van 1809, 1812 en 1819 het onderdrukkende sowel as beskermende aspekte gehad. Daar is onder andere bepaal dat 'n Khoisan 'n vaste werkplek moes hê. Dus moes hy by 'n blanke woon! In 1828 is Ordonnansie 50 uitgevaardig. Daarvolgens is die "Khoisan-knegte" grotendeels gevrywaar van dwangarbeid en onmenslike strawwe. Hulle was nou vry voor die wet, maar het hulle onafhanklike bestaan as stameenhede verloor.

Vernaamste Khoikhoi-groepe in die 17de en 18de eeu




PROBLEME RONDOM DIE BESTUDERING VAN KHOISAN-GESKIEDENIS:

*Die Khoisan het nie dokumente nagelaat om hul Geskiedenis te boekstaaf nie. Die volgende kan as bronne aangedui word:*

1. *Rotskuns. Baie belangrik in veral die San se geestelike lewe omdat dit heelwat simbolisme bevat. Dit verskaf ook inligting oor hulle jagterslewe.*
2. *Mondelinge oorlewering.*
3. *Opgrawings wat aandui watter tipe wapens en huishoudelike artikels gebruik is.*

**TAAKKAART: KHOISAN**

BESTUDEER DIE ONDERSTAANDE SAN-TEKENING EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT DAAROP VOLG:



1. Wat sou jy sê was die vernaamste ekonomiese aktiwiteit van die San? Verklaar jou antwoord.

.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................

2. Watter wapens kan jy op hierdie skets identifiseer?

.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................

2.1 Gaan slaan in die skoolbiblioteek na watter wapens die San gebruik het.

.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................

3. Vul op 'n blanko sketskaart die ligging in van die onderskeie Khoistamme van die Suidwes-Kaap.

4. Uit 'n skets in HOOFSTUK 3 kan jy aflei dat die Khoistamme 'n nomadiese lewenspatroon gehandhaaf het. Verduidelik die begrip *nomadies* en verduidelik wat dit behels het.

.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................................